# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 29 JANUARIE 2023

Tema: Vreemde geluk | Matteus 5:1-12

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (2/3)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (7/9)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

**Aanddiens** om 18:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Schoombie

## KATEGESE

**29 Januarie**

- **Byeenkoms vir kleuters en ouers**: 09:00 in die jeuglokaal.
- **Oriënteringsdag:** Alle laerskoolouers word uitgenooi om na afloop van die oggenddienste in die kleinsaal bymekaar te kom. Kinders geniet 'n kenmekaar en pretdag buite.
- **Belydenisinligtingsaand:** Na die aanddiens vir ouers en graad 12's.
- **Annibrand Senior:** Kleingroepe begin.

## GRAAD 4-TOT-7-KAMP

Ons nooi alle graad 4's tot 7's na 'n kamp vol pret en opwinding wat vanaf 3 tot 5 Februarie by die Apostelbattery-kampterrein aangebied word. Die kamptema is: NUUT – begin jou jaar met nuwe hoogtepunte. Inskrywings: www.stellenberg.co.za/annibrand junior.

Navrae: Brenda Visser, brenda@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## WEEK VAN GEBED | 6 TOT 8 FEBRUARIE

Sluit by ons week van gebed vanaf 6 tot 8 Februarie om 19:00 in die kerk aan. Prediker: dr. Jannie le Roux. Tema: 'n Tyd vir wonderwerke.

## NUWE INTREKKERS

Ons wil graag alle nuwe lidmate wat by die gemeente aansluit, persoonlik verwelkom. Stuur asseblief 'n e-pos aan anneke@stellenberg.co.za om ons in kennis te stel dat jy by die gemeente aansluit, of voltooi die nuwe-intrekkervorm op die webwerf, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.


### DEUROFFER

**Stellenberguitreik-bediening**

Om uit te reik oor alle grense heen bly die gemeente se strewe. Uitreikspanne gaan vanjaar tydens die Junieskoolvakansie Calitzdorp, Beaufort-Wes asook Leeu-Gamka besoek.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons is baie dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die tiendemaandinsameling bygedra het. Lidmate het tot einde Februarie 2023 geleentheid om 'n bydrae te maak. Dankofferkoeverte kan in die kollektebord, of in die kluis in die voorportaal van die kerk, of in die posbus by die kerkkantoor geplaas word. Sien ook bladsy 3 vir bankbesonderhede en die SnapScan-kode.




'n Bedrag van **R1 230 000** is reeds ingesamel. Ons benodig nog slegs R70 000 om die mikpunt van R1 300 000 te bereik.

### TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES

Sien weekliks op www.stellenberg.co.za, of sluit by die WhatsApp-groep aan en ontvang die gesprekreeks weekliks op jou selfoon.

**29 Januarie 2023**

Vertel vir mekaar van 'n doopgeleentheid wat julle onlangs bygewoon, of gekyk het. Kyk saam na items, of foto's wat van die kinders se doop gebêre is. Indien ouers nie kinders se doopdatums kan onthou nie, kontak gerus die kerkkantoor vir die inligting.

**Lees saam:** Matteus 3:13-17

**Gesels saam:**

- Hoe dink julle het Johannes gevoel toe hy besef het dat hy vir Jesus doop?
- Wat sou jy gedink het as jy gehoor het 'n stem uit die hemel sê: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug."
- Hoe voel jy as iemand vir jou sê dat hy of sy jou liefhet?

Steek elkeen se doopkers, of enige ander kers, aan as herinnering dat julle gedoop is. Gee vir elkeen in die huisgesin geleentheid om te sê: Ek is gedoop. Laat die res van die huisgesin daarop reageer deur vir daardie persoon te sê wat hom, of haar in die huishouding spesiaal maak. Indien julle huisgesin 'n ander tradisie het om die doop te vier, doen dit gerus. Jesus se doop was die begin van sy openbare bediening. Hy het mense oor God en God se koninkryk geleer. Dink saam aan iets wat julle gesin dié week kan doen om te wys dat julle God se kinders is.

### EDELWEISS HUISDIENS

Sondag 29 Jan. 18:00

Eks. 33: Here, as U nie saamgaan nie, kan ons nie van hier af verder aangaan nie!

### BYBELSTUDIE

Hervat op Donderdag 9 Februarie 2023.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

### BREIGROEP

Die breiers ontmoet op Maandag 6 Feb. om 09:30 in die kafeteria. Nuwe lede is baie welkom. Bring jou breiwerk saam.

## MICHANGE-KOEPONNE

Maak 'n verskil in iemand se lewe deur 'n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan 'n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger 'n ete, 'n warm stort, slaapplek en berading ontvang.

## GEMEENTEBRAAI | 3 FEB

Kom sluit gerus aan by die eerste gemeentebraai van 2023 wat in die markplein gehou word. Bring jou eie vleis, slaai, drinkgoed, eetgerei en glase en kom kuier lekker saam met ander lidmate. Die kole sal teen 19:00 gereed wees.

## WITOLIFANTTAFEL | BASAAR

Gee asb. huisware, boeke, gereedskap, ens. ten bate van die witolifanttafel weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor af.

## HELPERS WORD BENODIG

Ons het vrywillige helpers by die volgende bedienings nodig:

- Teeskinkers wat sporadies op Sondae na die oggenddiens by die teetuin kan diens doen.
- Kokke wat op Donderdagoggende met die voorbereiding van etes vir Magdalenahuis in Bellville kan help.
- Eredienswerkers wat op Sondae by die onderskeie dienste behulpsaam kan wees.

Kontak gerus vir Charlotte by 021 976 4519 / charlotte@stellenberg.co.za indien jy hulp kan aanbied.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## VATVYF-BYEENKOMS

Ons nooi almal na 'n gesellige kenmekaar en vrugtefees op Woensdag 15 Februarie om 10:00 in die markplein. Toegang is gratis. Geen besprekings is vir dié byeenkoms nodig nie.

15 Maart: Praatjie oor gidshonde (gratis).

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE OP JOU SELFOON

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang deur die QR-kode met jou selfoonkamera te skandeer, klik dan op die geel skakel wat op die skerm verskyn en kies die groep, of groepe waarby jy wil aansluit.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jongvolwassenes en studente**

**Annibrand Junior Laerskool-kategesegroepe**

**Annibrand Senior Hoërskool-kategesegroepe**

### EDELWEISS DIENSSENTRUM

Pensioenarisse word uitgenooi om as buitelede van die sentrum aan te sluit teen lidmaatskap van R70 per jaar.

Vrywilligers wat by die dienssentrum betrokke wil raak, word ook benodig. Kontak die sentrum gerus by 021 976 1150.

### VAKATURE

### MUSIEKLEIER

### NG Kerk Bellville-Riebeeck

'n Kreatiewe musiekleier wat begeleiding van sang met orrel en klavier kan behartig, word benodig.

Stuur 'n CV na

kktoor@ngkbriebeeck.co.za

Navrae:

072 732 3172.

Sluitingsdatum 17 Feb.